

Regalis® Plus

Vat die plus en kry meer
as wat jy verwag.

 **BASF**
We create chemistry

 **AgCelence®**
Verwag meer.

Regalis® Plus is 'n:

- ✓ Groeireguleerder
- ✓ Opbrengsbestuurder
- ✓ Plantversterker

Het jy jouself die AgCelence® voordeel gegee?



NOU!
GAAN ONS BOER™

Regalis® Reg. Nr. L7549, Wet Nr. 36 van 1947. Aktiewe bestanddeel: Prohexadione-calcium 100 g/kg • Regalis® Plus Reg. Nr. L10535, Wet Nr. 36 van 1947.

Aktiewe bestanddeel: Prohexadione-calcium 100 g/kg. • Verwys asb. na die produk etiket vir gebruiksaanwysings.

Regalis®, Regalis® Plus en AgCelence® is geregistreerde handelsmerke van BASF.

'n Appel 'n dag laat die dokter wag!

Appels is die gewildste vrug in verskeie kulture. Dit word weerspieël in die 35 000 variëteite wat in die wêreld geproduseer word. Suid-Afrika produseer meer as 10 variëteite. Die Nederlanders verbruik so veel as 50 kg per kapita jaarliks. Appels is egter nie net belangrik vir fynproewers en vrugteprodusente nie. Spesialiste stel toenemend belang in die gesondheidsienskappe van appels. Toetse dui aan dat appels veelsydig is en dis bekend dat appels een van die gesondste voedselsoorte is. Dit is nie slegs weens die nuutste geïdentifiseerde antioksidante wat noodsaaklik is vir goeie gesondheid nie, maar daar is ook bewys dat appels verskeie siektes kan voorkom, en selfs met die genesing van hierdie siektes kan help.

Het jy geweet?

- Appels is 'n bron van vitamien, in besonder vitamien C
- Appels speel 'n belangrike rol tydens die ontwikkeling van die beenstruktuur



- Appels dra by tot effektiewe breinfunksie en verlaag die risiko van siektes soos Parkinson se siekte of Alzheimersiekte
- Een appel kan tandvleis ontsmet en tande skoonmaak
- Appels bevorder longfunksie, kan astma help, en danksy die antioksidante kan dit die risiko van longkanker verlaag
- Appels help die urienwegstelsel om goed te funksioneer en verlaag die risiko van prostaatkanker
- Geen ander vrug bevat soveel pektien, wat die liggaam teen die verspreiding van gevaarlike mikro-organismes beskerm nie, en dit help ook die gastro-intestinale-stelsel om te funksioneer en toksiene uit die liggaam te verwyder
- Appels is voorkomend met betrekking tot diabetes, omdat hulle fruktose bevat, en nie ongesonde suikrose nie
- Appels bevat meer as 20 voordelige minerale soos kalsium, fosfaat, yster en magnesium
- Appels help die liggaam om siektes van die spysverteringstelsel te beveg, soos kolitis of maagsere
- Appels verminder die cholesterolvlakke in die bloed, en danksy die flavonoïede en hoë kaliumvlakke, word die risiko van hartsiektes verminder

Hoe voldoen BASF aan die produsent se verwagtinge?

- Tien jaar gelede bied BASF vir die eerste keer vir produsente Regalis®, 'n nuwe plantgroeireguleerder, aan
- In onlangse jare het Regalis® van BASF een van die voorkeur produkte in moderne vrugte-produksie geword
- Suksesvolle kommersiële vrugteprodusente probeer bome manipuleer wat 'n balans tussen vegetatiewe groei en vrugopbrengs toon - Regalis® is 'n bioreguleerder, wat aan appelprodusente beskikbaar is om hierdie vlakke van presisie vir moderne appelproduksie moontlik te maak
- BASF stel nou 'n verbeterde formulasie naamlik Regalis® Plus bekend

Die verbruiker se verwagtinge wat appels betref, is besig om toe te neem. Mense wil gesonde en vars appels van goeie kwaliteit koop. Dit is 'n groot uitdaging vir appelprodusente en BASF werk baie hard om met die nuutste kennis en ondervinding, pasgemaakte oplossings aan produsente te bied, sodat hulle aan hierdie verwagtinge van die verbruiker kan voldoen.



Regalis® Plus


Wat is nuut?

Dit is algemeen bekend dat byvoegmiddels by die tenkmengsel, soos **water-kondisioneerders** of **versuurders** die bio-aktiwiteit van Prohexadioon-kalsium kan bevorder.

Regalis® Plus bevat nou 'n waterkondisioneerder asook 'n versuurder in die formulasie sodat 'n betroubare spuitoplossing verkry word, wat minder afhanklik van waterkwaliteit is.

Regalis® Plus lei tot doeltreffende, vinnige en betroubare opname van die aktiewe bestanddeel in die blare. Regalis® Plus bied dus 'n meer aanpasbare toediening in terme van waterkwaliteit en tyd van toediening.

Elke Regalis® Plus-korrel bevat nou 'n hele aantal Prohexadioon-kalsiummolekules, ammoniumsulfaat, sowel as 'n versuurder, om effektiwiteit te verbeter.



1. Die Ca-ione in harde water en in Prohexadioon-kalsium, bind aan die ingeboude **waterkondisioneerder**, ammoniumsulfaat.
2. Die ingeboude **versuurder** verlaag die pH van die water. Dit lei tot Prohexadioon in 'n versuurde vorm, wat noodsaaklik is vir die oplosbaarheid en effektiwiteit opname daarvan deur die plant.



Regalis® Plus (Prohexadioon in versuurde vorm) word meer doeltreffend opgeneem in die plantweefsel.

Hoe werk

Regalis® Plus?

As jy Regalis® Plus in jou boord begin gebruik, kry jy meer as net 'n groeireguleerder. Regalis® Plus is 'n groeireguleerder, opbrengsbestuurder en plantversterkende oplossing. Die aktiewe bestanddeel in Regalis® Plus, Prohexadioon-kalsium, inhibeer gibberellien-produksie en etileenvorming. Regalis® Plus beïnvloed ook flavonoïed-metabolisme in die plant.



Groeireguleerder

Verkorting van lootgroeï is die mees ooglopende effek van Regalis® Plus. Gibberellene is van kardinale belang vir lootverlenging. Prohexadioon-kalsium blokkeer die biosintese van gibberellene, verminder die vlakke van gibberellene, en gevolglik word lootverlenging beperk.



Opbrengsbestuurder

Regalis® Plus kan help om vrugkwaliteiteienskappe te bestuur om sodoende produksiedoelwitte jaar na jaar te bereik. Prohexadioon-kalsium inhibeer etileen-vorming onder stresvolle toestande, wat lei tot beter bestuur van vrugkwaliteit.



Plantversterker

Die natuurlike siekte- en plaagweerstand van bome word verhoog deur die vorming van nuwe flavonoïede in jong lote. Prohexadioon-kalsium verbeter flavonoïed metabolisme, wat natuurlike verdedigingsmeganismes in die plant aktiveer.



Wat is Regalis® Plus se voordele vir die produsent?



Groeireguleerder

- Verkorte lootgroei lei tot beduidende verlaging in snoeikostes, beter ligpenetrasie, verbeterde spuitbedekking en blare droog vinniger af na reën
- Behandelde bome het 'n oop blarekoepel
- Bome se energie word vir vrugproduksie gebruik en nie vir vegetatiewe groei nie



Opbrengsbestuurder

- Hoë en stabiele opbrengs in behandelde boorde
- Voorkeur vruggroottes word verkry in behandelde boorde
- Positiewe effek op verkleuring lewer beter kwaliteit uitvoervrugte



Plantversterker


- Regalis® Plus help bome om hulself te verdedig teen siektes en plae
- Moontlike laer voorkoms van appelskurf en poeieragtige meeldou



- Regalis® Plus het 'n relatiewe kort lewensduur in die plant en gevolglik sal residue nie in vrugte opbou nie - effek sal nie na die volgende jaar oorgedra word nie
- Regalis® Plus is geskik vir gebruik in 'n Geïntegreerde Plaagbestuurprogram.
- Indien Regalis® Plus volgens die etiketaanwysings gebruik word, het die produk geen nadelige uitwerking op voordelige insekte, lug, grond en water nie

Hier is die bewyse Regalis® Plus – Kommersiële proefresultate

Beheer oormatige vegetatiewe groei (toename in lootlengte)
Appels (Pink Lady) – Ideon Arnolds, Elgin Navorsingsplaas,
Grabouw: 2019/20-seisoen



Regalis® Plus

Vat die plus en kry meer as wat jy verwag!

Wanneer Regalis® Plus in boorde gebruik word, word meer as net 'n groei-reguleerder verkry. Regalis® Plus is 'n groeireguleerder, opbrengsbestuurder en 'n plantversterker, saam in een produk.

Nuwe lootgroei word effektief ingekort sodra hulle uitloop. Gevolglik word wintersnoei grootliks verminder en somersnoei sal dalk nie nodig wees nie, wat lei tot kostebesparing ten opsigte van bestuurstyd en arbeid.

Die boom se blaredak is oper en meer toeganklik vir lig, en gewasbeskermings-oplossings bereik makliker hul teiken. Gevolglik word vrugkleur en -kwaliteit meestal verbeter.

As 'n opbrengsreguleerder kan Regalis® Plus help om produksieteikens jaar na jaar te bereik.

Regalis® Plus dien ook as 'n sneller in behandelde bome vir die boom se natuurlike verdedigingsmeganismes. Bome is minder aantreklik vir insekplae wat die moontlikheid vir patogeeninfeksie verlaag.

Regalis® Plus pas perfek in 'n geïntegreerde vrugteproduksieprogram, aangesien dit oor 'n gunstige toksikologiese sowel as ekotoksikologiese profiel beskik.

Regalis® Plus Produkprofiel	
Aktiewe bestanddeel	Prohexadioon-kalsium
Metode van werking	Inhibeer die biosintese van gibbereliene, verantwoordelik vir lootgroei
Formulasie	Waterdispergeerbare korrel (WG)
Gewas	Appels
Teiken	Vegetatiewe lootgroei
Toedieningsdosis	70 g/100 ℓ water
Aantal toedienings	Twee toedienings
Sputinterval	Vier weke
Onthoudingsperiode	56 dae
Verpakking	3.5 kg



Regalis® Plus opname en werking

- Regalis® Plus word hoofsaaklik deur die blare geabsorbeer en akropetaal deur die xileem vervoer (opwaarts en sywaarts)
- Die produk is nie sistemies in die hele boom nie - die aktief sal nie van een tak na 'n ander beweeg nie en ook nie van een loot na 'n ander loot op dieselfde tak nie
- Hoër humiditeit in die oggend en aand verhoog opname - opname in die bas of wortels is nie 'n faktor nie

Regalis® Plus: Afbraak

- Residue in vrugte is laer as die limiet van waarneming indien dit volgens die etiket toegedien word
- Relatiewe kort lewensduur met 'n half-leeftyd van 10 - 14 dae in die plant - effek sal nie oorgedra word na die volgende jaar nie

Regalis® Plus: Geïntegreerde Plaagbestuur

- Regalis® Plus is geskik vir gebruik in GPB (Geïntegreerde Plaagbestuur)-sisteme
- Die produk is veilig vir voordelige insekte en omgewingsvriendelik in lug, grond en water indien dit volgens die etiket toegedien word

Regalis® Plus

Riglyne vir doeltreffende toediening

Dosis & tyd van toediening

- 70 g Regalis® Plus/100 ℓ water
- Onthoudingsperiode: Appels 56 dae
- Regalis® Plus moet teen 'n minimum van 1.25 kg/ha toegedien word
- Dien toe as 'n blaarbespuiting wanneer die terminale en laterale lote 3 - 5 cm bereik, en 3 - 5 blare ontvou
- 'n Tweede toediening moet vier weke na die eerste toediening gedoen word



1^{ste} toediening
3-5 cm lootlengte



2^{de} toediening
een maand later -
vroeë vrugset

Verwys na die etiket vir toedieningsvoorskrifte

Waterkwaliteit

Die ingeboude waterkondisioneerder en versuurder dra by tot vinnige opname van Prohexadioon in die blare. Die optimale band van versuring is tussen pH 3.5 – 5.5.

Vermenging

1	2	3	4	5
Vul ¾ van die spuitenk met water.	Verwyder die sif.	Voeg die Regalis® Plus geleidelik in die tenk.	Plaas die sif terug in die tenk.	Maak spuitenk vol met water.
Begin roer	Hou aan met roer	Hou aan met roer	Hou aan met roer	Hou aan met roer



Regalis® Plus

Riglyne vir doeltreffende toediening

Watervolume

- Hoë volume (HV) toediening - Die watervolume wat p/ha toegedien word, moet bereken word volgens die boomryvolume (BRV) formule
- | Groeistadium/toediening | % HV water benodig/ha |
|-------------------------------------|-----------------------|
| Pienkbalstadium – eerste toediening | 80% |
| Vier weke later – tweede toediening | 100% |
- Lae volume toediening - Wanneer die lae volume (80%) Regalis® Plus toediening gedoen word, moet die dosis ten minste 1.25 kg/ha wees
 - Gebruik die formule op die etiket om die hoeveelheid Regalis® Plus per hektaar te bereken

Algemene inligting

- Al word Regalis® Plus hoofsaaklik deur die blare opgeneem, is steeds 'n minimum blaaroppervlak nodig vir voldoende opname van die aktiewe bestanddeel
- Spuit Regalis® Plus slegs op sterk groeiende bome in ooreenstemming met die boomryvolume en dosisse, soos in die etiket aangedui
- Die opname van Regalis® Plus word deur hoë temperature, lae relatiewe humiditeit en sterk wind beperk
- Regalis® Plus vereis vier tot agt ure vir voldoende opname en dit is dus krities om verkieslik laatmiddag of vroegoggend toe te dien

Reënval

Die toediening moet herhaal word indien 'n reën bui binne vier ure na toediening voorgekom het

Onthoudingsperiode

- Laat 56 dae verloop tussen die laaste toediening en oes
- Herbetreding tot die boord kan geskied sodra die spuitneerslag droog is, tensy beskermende klere gedra word





Regalis® Plus
Vat die plus en
kry meer as wat
jy verwag!



BASF Suid Afrika (Edms) Bpk

Sestiendestraat 852, Midrand, 1685
Posbus 2801, Halfweghuis, 1685

Tel: +27 11 203 2400

Faks: +27 11 203 2461

Webblad: www.agro.basf.co.za

Mobielewebblad: m.agro.basf.co.za

Regalis® Plus Reg. Nr. L10535, Wet Nr. 36 van 1947.

Aktiewe bestanddeel: Prohexadione-calcium 100 g/kg. • Verwys asb. na die produkietiket vir gebruiksaanwysings.

Regalis® Plus en AgCelence® is geregistreerde handelsmerke van BASF.